



Tema 6

Graad 6

Week 1: 20-24 April

Maandag: 20 April

Handboekverwysing p. 61

Kyk na die prent aan die linkerkant van die skyfie en beantwoord vraag 1-6 in jou Algemene Skryfboek.

Opskrif vir aktiwiteit: Tema 6 Inleiding p. 61



Kyk na die foto en beantwoord die vrae.

1. Wat sien jy op die foto?
2. Beskryf die apparaat op die foto.
3. In watter vak doen 'n mens baie eksperimente?
4. Wat noem 'n mens die plek waar eksperimente uitgevoer word?
5. Wat noem ons mense wat eksperimente en toetse uitvoer?
6. Hou jy daarvan om eksperimente te doen, of hou jy nie daarvan nie? Verduidelik jou antwoord.

Maandag: 20 April

Handboekverwysing p. 62

In hierdie eenheid gaan jy leer hoe om instruksies te skryf en om dit uit te voer.

Kom ons kyk hoe jy vaar ☺

Wat gaan jy benodig om die aktiwiteit te doen?

- 'n vel papier
- 'n potlood
- kleurpotlode / koki's
 - 'n skêr
- Kyk na die voorbeeld van die spiraal



Vra vir iemand by die huis om die instruksies op die volgende skyfie vir jou te lees.

Jy kan altyd vir boetie en sussie ook vra om na die instruksies te luister en dan kan julle aan die einde kyk of albei die instruksies reg uitgevoer het.

GENIET DIT!

Maandag: 20 April

Handboekverwysing p. 62

INSTRUKSIES:

(voorgelees deur ouer/voog/ouer broer of suster)

Metode

1. Teken 'n spiraal op 'n stuk papier soos in die voorbeeld.
2. Kleur die spiraal interessant met jou kleurpotlood of koki's in. Jy kan enige patrone daarop maak.
3. Knip die spiraal al op die potloodlyn uit.
4. Trek jou spiraal oop deur die binneste punt van die spiraal op te lig.
(Steek 'n kers aan.)
5. Hou jou spiraal 'n entjie bo die kers. Wees versigtig, want dit moenie vlamvat nie!

Maandag: 20 April

Ek hoop julle kon ALMAL die instruksies mooi uitvoer.

Julle is welkom om foto's daarvan op classdojo te stuur,

dan kan ons bietjie na ons maats se spirale ook kyk.

Dinsdag: 21 April

Handboekverwysing p. 63-64

Waaraan dink jy as jy die woord instruksieteks hoor?

Kan jy enige voorbeelde gee van 'n instruksieteks?

Kyk na die volgende skyfie om meer te leer oor 'n instruksieteks.

Dinsdag: 21 April

Handboekverwysing p. 63

Wat is die kenmerke van 'n instruksieteks?

- Daar is 'n opskrif wat duidelik sê wat gemaak of gedoen gaan word.
- Daar is 'n lys benodigdhede of bestanddele wat nodig is om iets te maak.
- Die stappe in die metode word punt vir punt, in 'n logiese volgorde, gegee.
- Daar is dikwels foto's, diagramme of prentjies van die stappe en van die finale produk.
- Elke instruksie begin met 'n werkwoord.
- Al die instruksies word in die teenwoordige tyd gegee.

Dinsdag: 21 April

Handboekverwysing p. 64

Nou dat jy meer weet van 'n instruksieteks, gaan jy die teks oor die maak van 'n sonvervanger lees. Jy gaan daarna vrae beantwoord wat handel oor die teks.

Maak 'n sonverwarmer



Jy het die volgende nodig:

'n plantpot of ou koffieblik

los sand

karton en kleeflint

'n aluminium-tertpan

'n skêr

'n dun stokkie (soos 'n sosatiestokkie)

2 ewe groot appels (klein)

Wat jy moet doen:

1. Maak die pot of ou koffieblik driekwart vol sand.
2. Plak die karton al om die rand van die pot of blik vas met die kleeflint.
3. Gebruik die skêr en maak 'n klein gaatjie in die middel van die tertpan.
4. Knip nou in 'n reguit lyn van die rand van die tertpan tot by die gaatjie in die middel.
5. Trek die gesnyde kante van die tertpan bo-oor mekaar om die bodem te laat buig.
6. **Pas** nou die gebuigde tertpan binne die kartonsirkel op die pot of blik en plak dit aan die karton vas. Die tertpan moet teen 'n hoek van so 40° geplak word.
7. Steek die stokkie in een appel.
8. Druk die ander punt van die stokkie deur die gaatjie in die tertpan, binne-in die sand. Jou sonverwarmer is nou gereed.
9. Plaas die sonverwarmer buite in die son. Skuif die pan en een appel tot die sonlig op die appel val.
10. Sit die ander appel in die sonlig langs die sonverwarmer neer.
11. Los alles 'n ruk lank in die son.
12. Voel na 'n rukkie aan die twee appels.



Dinsdag: 21 April

Handboekverwysing p. 65


Jy gaan nou die volgende vrae in jou Algemene Skryfboek beantwoord.
Beantwoord slegs nr. 1, 2, 3, 4 en 6.

Opskrif vir aktiwiteit: Instruksieteks p. 65

Post-lees: Verstaan die teks

Beantwoord die volgende vrae:

1. Is hierdie stel instruksies 'n eksperiment? Hoekom sê jy so?
2. Watter van die benodigdhede is natuurlike produkte?
3. Hoekom moet die tertpan van aluminium wees?
4. Dink jy die sonverwarmer werk beter as die tertpan gebuig is? Kies een van die volgende opsies:
 - a) Ja, dit vang die hitte vas.
 - b) Nee, dit het nie 'n doel nie.
5.
 - a) Hoe voel die twee appels? Die een is _____, en die ander een is _____.
 - b) Hoekom voel die appels verskillend?
6. Is die woord "sonverwarmer" 'n goeie beskrywing vir die produk wat gemaak word?
7. Gestel jy is 'n wetenskaplike. Hoe sal jy aan jong kinders verduidelik hoe die sonverwarmer werk?



Woensdag: 22 April

Vandag gaan jy jou kennis van 'n instruksieteks gebruik om jou eie instruksieteks te skryf.

Jy kan oor een van die volgende onderwerpe 'n instruksieteks skryf:

- Hoe om roosterbrood te maak
- Hoe om 'n eksperiment van jou keuse uit te voer
- Hoe om skottelgoed te was
- Hoe om enige gereg van jou keuse te maak



Maak seker jy kyk na die volgende skyfie VOORDAT jy begin skryf.

Woensdag: 22 April

Onthou die volgende:

- Voordat jy begin skryf aan jou instruksies, moet jy eers al die **benodighede/bestanddele** neerskryf wat nodig is om die instruksies uit te voer.
- Jou instruksies moet **genommer** word.
- Jou instruksies moet met 'n **werkwoord** begin.
- Jou instruksies moet in die **teenwoordige tyd** geskryf word.
- Jy tel nie die benodighede/bestanddele se woorde by wanneer jy jou aantal woorde tel nie. Die totale aantal woorde is tussen **80-100 woorde**.



Let wel: Gebruik die instruksieteks van die sonverwarmer as riglyn. Dit moet in dieselfde formaat geskryf word.

Donderdag: 23 April

Vandag gaan ons jou Afrikaanse periode in 2 gedeeltes van 30 minute opdeel.



Eerste 30 min: LEES

Tweede 30 min: SPEL



Donderdag: 23 April

Eerste 30 minute	Tweede 30 minute
Kry vir jou enige AFRIKAANSE leesboek, tydskrif, koerant, ensovoorts. Jy gaan nou vir 25 minute jou lees oefen. Nadat die 25 minute verby is, moet jy vir mamma, pappa, boetie of enige iemand by die huis in 2-3 minute vertel waarom die storie gaan. Jy moet in volsinne daaroor gesels en jy mag GEEN Engelse woorde gebruik nie.	In hierdie halfuur gaan jy die volgende 15 spelwoorde leer (Toets 2.1). Jy moet elke woord ten minste 5 keer neerskryf. Doen dit op enige stuk papier (nie in jou boek). Nadat jy al die woorde geoefen het, moet jy 8 woordjies kies en 'n goeie sin met elkeen maak. Hierdie sinne moet jy in jou Algemene Boek neerskryf. Enige iemand by die huis kan die sinne merk wanneer jy klaar is. Opskrif: Spelgroep 2.1 Sinne

TOETS 2.1

beantwoord
apparaat
eksperimente
verduidelik
wetenskaplike
energie
reageer
batterye
skielik
instruksies
duidelik
benodighede
bestanddele
diagramme
skêr

Let wel: Wees gereed om more jou speltoets te skryf. Ek gaan 10 woorde vir jou vra.

Vrydag: 24 April

Jy gaan nou jou speltoets vir die week skryf.

Opskrif: Speltoets 2.1

JY MAG NIE NA DIE VOLGENDE SKYFIE KYK VOOR JOU TOETS NIE
AFGEHANDEL IS NIE!! Net die persoon wat die woorde vir jou gaan lees, mag
nou voor die rekenaar wees.

Vra vir mamma of pappa om na die volgende skyfie aan te gaan om vir jou 10 woorde
te vra.

Wanneer jy klaar geskryf is, kan mamma of papa jou spelwoorde merk.

Vrydag: 24 April

Spelwoorde 2.1

1. instruksies
2. duidelik
3. bestanddele
4. beantwoord
5. apparaat
6. eksperimente
7. verduidelik
8. energie
9. batterye
10. skielik

Vrydag: 24 April

Voltooi asb. ook die volgende oefening in jou werkboek.
Jy gaan elke keer die hele sin neerskryf en die **korrekte woord kies** tussen die keuses wat jy kry. Nommer asb. die sinne van nommer 1-6.

Opskrif: Korrekte spelwyses

Die gevangenis / gevangenes se mure is hoog gebou en is geëlektrifiseer / elektrifiseer.

Die gevangenis / gevangenes in die tronk word goed opgepas.

Ons het gistraand / gisteraand lekker nagereg gehaat / gehad om te eet.

Rudi het onmidellik / onmiddellik na die telefoon /tellefoon gehardloop om sy vriend te bel.

Dit was 'n interessante / intressante praatjie oor vlooië / flooië.

Hy het aangehou tot die einde, hy het baie deursettingsvermoë / deursettingsvermoë.

Dankie!

Jy het hierdie week se Afrikaans
voltooi.

Ons sal al die memorandums vir
jou volgende week aanstuur.

Lekker naweek 😊